Tans begroot ons vir **ds. Israel Domingo** wie se gemeente in Noord-Mosambiek is, R2,500. Indien die Vader vir ons die pad oopmaak, wil ons hom graag as sendeling aanneem.

Liewe gemeente!

BID asseblief vir ons sendelinge en ons projekte! Raak asb. betrokke waar jy kan! Ons begroting vir die finansiële jaar beloop minstens **R600,000**. Hoewel ons vir 'n geskatte R130,000 onderbegroot, word hierdie begroting **in geloof** opgestel! Al hierdie mense en aksies word finansieel gedra deur die geloofsofferbeloftes wat deur gemeentelede belowe word. Hierdie **Geloofsofferbeloftes** is 'n **belofte teenoor God**; om ons sendelinge en ons bediening toe te laat om ons Vader se liefde met ander te deel….veral dáár waar ons self nie kan kom nie. Wat saak maak is dit: ons is 'n gestuurde gemeente, 'n gemeente vir wie dit belangrik is dat die lig die duisternis om ons sal verdryf… om **God se hart** met almal om ons te deel!

Laat ons mekaar aan Jesaja se ervaring met die lewende God herinner. Mag ons soos hy en ander geloofshelde uit die verlede, en soos die dissipels wat sy aan sy op pad was saam met Jesus, alles wat in ons is, en wat ons het aan God gee om daarmee te maak soos Hy goed dink. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees…"(Matt. 28:19).

Mag ons Vader in en deur ons gehoorsaamheid aan HOM verheerlik word!

Aan Hom kom al die lof en al die eer toe!

Ds. Henri Meyer
Eric Loubser (voors)
Hennie en Mareta Lombard
Herman van Huyssteen (onder-voors)
Hannes en Helen Terblanche
Elna Robbertse
Henk Brits

Sendingrekening: **GO NG Kerk Mosselbaai ABSA spaar 9305467263 takkode 632005**

GELOOF IN AKSIE **Mosselbaai Moedergemeente**

Ons geloofsoffers aan die werk… November 2023

GETUIENISBEDIENING
NUUSBRIEF

So skryf Jesaja, die groot profeet van Israel: "In die sterfjaar van koning Ussia het ek my Heer sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Die some van sy kleed het die tempel gevul. Serafs het bo Hom gereedgestaan… Hulle het na mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die HERE, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlikheid." (Jes. 6).

Dan hoor Jesaja die stem van die HERE vra: "***Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan?"*** En Jesaja, *oorweldig deur die heerlikheid van God*, wéét: geen mens kan onaangeraak bly wanneer hy die heiligheid van God ervaar het nie! ***"Hier is ek, stuur my***!"

Eeue later - vol ontsag vir Hom wat die dood oorwin het, vervul met die Gees van God, hul harte brandend, *oorweldig deur God se heerlikheid* – gaan Jesus se volgelinge die wêreld in, word hul God se gestuurdes.

WAT MAAK ONS DAARMEE VANDAG? Dié wat God se heerlikheid gesien het, kán nie stilbly nie!

Al die gemeente se sendingprojekte word deur die **geloofsoffers** befonds. Waarvoor word ons **geloofsoffers** aangewend? Jou bydrae help o.a dat die volgende **sendingprojekte** kan voortgaan.

Arbeidsbediening: Pierrié Lamprecht staan aan die hoof van hierdie bediening waarby 'n klompie van ons lidmate ook diensbaar is. Hulle bedien werkers by hul werksplek: oraloor in ons omgewing. Ons gee tans aan twee lidmate wat hierby betrokke is 'n honorarium, nl. aan **Pierrié Lamprecht en Griet Boshof**f. (Ons betaal hulle gesamentlik maandeliks 'n bedrag van R4 475)

Bybelverspreiding: hoe kan iemand glo as hy nie gehoor het nie? Die verspreiding van Bybels is vir ons bediening baie belangrik. Al die geld wat ons **met deurkollektes en met Manna-Munte** insamel, word hiervoor aangewend. Mense sonder Bybels kom alhoemeer in ons visier: as ons mense vir die Woord kan liefmaak, wen ons 'n nasie vir die Koninkryk! Manne-Munte-botteltjies is by al die deure beskikbaar, sowel as by die kerkkantoor: neem een, vul hom met al jul rondlê-kleingeld, bring asb. terug…en neem weer een huis toe… Vir die **Taxi-bediening** begroot ons 2 maal per jaar R1,800 juis vir Bybelverspreiding. Enige lidmaat is welkom om Bybels aan te vra indien nodig… en as ons het! Ons kon die afgelope jaar meer as R25,000 aan Bybels en literatuur bestee.

FEBA-radio en INContext. Vir eersgenoemde ondersteun ons omdat hulle tot in die uithoeke van die wêreld die Goeie Nuus verkondig. Ons het hul vanjaar met R1,300 per maand ondersteun. INcontext International het verskeie programme wat hul in die vervolgde kerk loods. Ons ondersteun 'n projek wat bekeerlinge oplei om sendelinge onder hul eie mense te word. Hiervoor gee ons 'n bydrae van R4,500 per maand.

Bediening aan Chinese: die groepie lidmate wat hierby betrokke is, ervaar tans dat die Chinese nie meer so ontvanklik is vir hul toenadering nie. Daar word wel een maal per week 'n Bybelstudie gehou saam met 'n Chinese dame wat vir Jesus gekies het. Etienne Basson wat Mandaryns magtig is, is tans 'n onmisbare skakel in hierdie kring van gelowiges. Ons R2,000 per maand maak dit moontlik dat Etienne uit Stilbaai ons kan ondersteun.

Op die **Makhathini-vlakte** in die noorde van KZN is ds. Louwrens van der Westhuizen en sy span met 'n enorme taak onder die Zoeloes besig. Dis 'n goed gevestigde gemeente met baie ondersteuning vanoor die hele land. Ons is al jare lank by hulle betrokke, hoewel op klein skaal. Maandeliks gee ons vir hulle R500.

Moss-Liefde: sedert 2019 reik ons uit na die **koshuistieners** van Sao Bras Hoërskool. Dit sluit die volgende projekte in: naaldwerk, brei/hekel, Bybelstudie en handvaardigheid (maak van 'n groentetuin). R300 per maand gaan vir hierdie projek.

Die **Nagskuiling** in die dorp word ook deur ons ondersteun. Ons bydrae behels maandeliks R3,000.

Ons het tans 5 **sendelinge** wat ons nie alleenlik finansieel nie, maar ook persoonlik en geestelik ondersteun. Op hul eie unieke manier is elkeen van hulle op 'n baie spesiale manier aan ons gemeente verbind

Ina Steyn is die langste van almal deel van ons gemeente. Ons het haar in 1998 as sendeling aangeneem. Sy woon in London, werk saam met **YWAM** en tree dwarsoor **Europa** by opleidingsgeleenthede vir jong (en ouer) Christene op. Sy is 'n geestelike mentor vir baie, baie jongmense. Ina ontvang R6,000 per maand.

Johan en Esté de Nysschen was lidmate by ons toe hul tot die oortuiging gekom het dat die Here hul na **Panama** stuur. Hulle is sedert Februarie 2013 daar. Johan staan aan die finansiële stuur van OM Suid-Amerika. Vir die De Nysschens dra ons maandeliks R7,940 by.

Sedert 2018 is **Paul en Toni Ferreira** en hul 3 kinders wat in Nepal werksaam is, een van ons sendelinge. Hulle is tans in Suid Afrika om hulle toekomsvisie bevestig te kry. Paul is betrokke by die opleiding van inheemse pastore in Nepal. Die Ferreiras ontvang maandeliks R3,500.

Uit ons eie geweste kom **Kobus van Zyl**: gebore en getoë op die plaas Welbedag. Kobus het 'n **gebedsbediening** hier in Suid-Afrika, maar hy is ook al 20+ jaar betrokke by teologiese studente wat in **Suid-Soedan** opgelei word. Ons gemeente is sedert 2005 in vennootskap met 3 ander gemeentes wat vir Kobus se basiese uitgawes sorg. Ons begroot 'n maandelikse bydrae van R7,619. Ons ondersteun hom ook jaarliks met R12,000 vir vliegkaartjies na Suid-Soedan vir sy werk daar.

Vir **Nic en Tina Strydom** (wat al langer as 20 jaar in **Madagaskar** gestasioneer is) ondersteun ons al sedert 2010. Nic het 'n ongelooflike werksywer, en die Here gebruik hom en sy span kragtig. Hy is voortdurend besig om nuwe pastore op te lei sodat hulle onder hul eie mense kan werk. Nuwe gelowiges en kerke kom deurentyd tot stand. Ons begroot vir die Strydoms R9,525 per maand.

Petri Kleyn en haar man Waldo werk tans in Zambië en ons ondersteun hulle sedert 1 Maart 2023 met R2,000 per maand.

Op die kort termyn ondersteun ons tans vir **Danie en Esther van Niekerk,** wat sendingwerk in **Masedonië** doen, met R2,500 per maand. **Jacobus van Zyl** wat sedert September in Libanon sendingwerk doen word ook deur ons ondersteun met R2,500 per maand. Ons het ons verbind om hierdie twee sendelinge tot einde Februarie 2024 te ondersteun wanneer ons dit weer sal bespreek.